

# Tafel 7: Om mekaar te sien...

uit "Aan tafel saam met Jesus" – Cas Wepener (Bybel-Media 2010)

Handelinge 2:41-47



Gesels saam:

- ☞ Deel wat jy gehoor het in die teks by die Heilige Gees.

'n Verkondiging van ons toekomsverwagting?

Tradisionele nagmaalsviering laat 'n mens aan byvoeglike naamwoorde dink soos "somber", "ernstig", "gewyd", "persoonlike beleving". Wat dit alles uitlig is die baie persoonlike aard wat die viering van die nagmaal aangeneem het. Jy is so gefokus op jou stukkie brood en kelkie wyn dat dit uiteindelik amper verwyderd raak van die hele brood en die een beker.

- ☞ Het jy al iets van hierdie ervaring gehad tydens nagmaalsviering? Was dit vir jou positief of negatief? Dalk beide?

In die nagmaalsformulier aangegee in die eredienshandleiding vir die NGK, word een van die betekenis van die nagmaal genoem as: “Die nagmaal is... ‘n verkondiging van ons toekomsverwagting.”

Wepener vra dan die vraag: Is hierdie somber, ernstige, individueel-gefokusde ritueel ‘n verkondiging van ons toekomsverwagting waarop ons hoop?

☞ Hoe vergelyk hierdie beeld van nagmaalviering met die ete waarvan ons lees in Handeling 2?


In Reta Finger se *Of widows and meals* verduidelik sy dat die huise waar die gelowiges saamgeëet het letterlik teen mekaar was en heelwat minder klankdig as vandag. Jerusalem was ook ‘n baie oorbevolkte stad en baie mense daar was afgesny van hulle families in die platteland. Die *manier* wat hulle God geprys en saamgeëet het, was dus ‘n “verkondiging” aan almal rondom hulle. Martin Versfeld stel dit so: “It is far more essential for the heart to overflow than the dishes.”

### Preek én eet (en bid en deel en leer)

Volgens die teks is daar 4 dinge wat gebeur het nadat die Gees uitgestort is en almal word in vers 42 genoem:

- ☉ Die leer van die apostels oor God
- ☉ Onderlinge verbondenheid
- ☉ Gemeenskaplike maaltyd
- ☉ Gebede

Die eerste en laaste kan gesien word as deel van ons “vertikale verhouding” met God en die tweede en derde as deel van ons “horisontale verhouding” met mekaar. Kerkwees en nagmaalviering gaan dus oor die verdieping van individuele gelowiges se verhouding met mekaar, maar ook oor die bou en verdieping van gelowiges se onderlinge verhoudings.



🗣️ Watter van hierdie 4 aspekte het jy al ervaar in nagmaal? Vertel van jou ervaring...

## Nuwe familiebande

Reta Finger sê verder in haar boek dat dit met baie mense baie swaar gegaan het in Lukas se tyd en dat hulle afhanklik was van verbintenis vir hulle oorlewing – materieel en geestelik.

Deur hulle geloof in Jesus, vind hierdie mense 'n nuwe familie. Ons leer by hulle 'n ander kyk na die nagmaal, waar ons nie nét fokus op onself en ons blokkie brood en kelkie nie, maar waar ons ook die mense rondom ons raaksien.

*Vir verdere nadenke en stilword, doen die Lectio Divina-oefening met hierdie gedeeltes van die nagmaalsformulier:*

### Dele uit die nagmaalsformulier (uit: *Vir die erediens – 'n handleiding*)

Die nagmaal is die viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar. Nie alleen word ons in die nagmaal met Jesus se dood verbind nie, maar ook met sy lewe en daarom is die opgestane Christus deur die Heilige Gees self by ons teenwoordig. Hierin lê die diepste geheim en die grootste vreugde van die nagmaal. Dit sluit ook in die gemeenskap met mekaar as lidmate van die een liggaam van Christus, aangesien dieselfde Gees wat ons oë vir Christus oopmaak ook ons oë vir mekaar oopmaak en ons in liefde aan mekaar bind.

Soos die apostel Paulus sê: “Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die brood” (1 Kor. 10:17). Dit bring mee dat ons in vergewensgesindheid, nederigheid, goedgesindheid, sagmoedigheid en verdraagsaamheid met mekaar moet omgaan (Kol. 3:12). Wie die brood en die wyn van die nagmaal eet en drink, word ook geroep om die voete van die ander te was (Joh. 13:12-15). Wie eenmaal saam met die Here geëet en gedrink het, kan nie meer in onvrede met mekaar leef nie (Ef. 2:14-15).

### As voorskou van die toekoms

Die nagmaal is 'n verkondiging van die dood van die Here totdat Hy kom en daarom 'n verkondiging van ons toekomsverwachting. Wanneer ons die brood en die wyn in ons hande

neem en daarna kyk, kyk ons ook vooruit na die wederkoms van die Here, word ons deur die tekens van gebrokenheid daaraan herinner dat God uiteindelik alles weer heel sal maak. Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Christus in heerlijkheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer hy die hemel en die aarde nuut sal maak sodat geregtigheid daarin kan woon – en “God alles... vir alles” kan wees (1 Kor. 15:28). In die nagmaal verlang ons as bruid van Christus na die bruilofsmaaltyd van die Lam. Wanneer ons die brood en wyn op ons lippe neem, kan ons daarom nie anders nie as om tegelykertyd te bid: “Maranata! Kom, Here!” (1 Kor. 16:22).

Samevattend kan ons dus sê dat die nagmaal ‘n uitnodiging is om ons aandeel aan die volle verlossing in Christus feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word; dat dit die geleentheid is om deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die lewende Here en met mekaar te verdiep en so versterk te word in ons geloof, in ons getuienis, en in ons toekomsverwagting.

By die gebruik van die nagmaalstekens dank ons Hom met ons hele wese en daarom wy ons ons lewe by hernuwing in dankbaarheid aan Hom.

*Oorweeg om hier die “sintuiglike nagmaalervaring” te doen met brood en wyn/sap. Verkieslik saam met iemand. Breek vir mekaar ‘n stukkie brood af en gee dit vir hulle met die woorde: “Christus se liggaam gebreek vir jou”. Gee ook vir hulle die beker/glas wyn/sap aan met die woorde: “Christus se bloed gegiet vir jou.”*

Laat ons dan ernstig daarna strew om met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde teenoor Hom en ons medemens te leef.

Mag die almagtige barmhartigheid God en Vader van ons Here Jesus Christus deur sy Gees ons daartoe help.<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> “Aan tafel saam met Jesus”, p. 105-107